VOORSITTER JAARVERSLAG: OKTOBER 2024 TOT DESEMBER 2025

Mede Bondgenote

Dit is werklik vir my 'n voorreg om aan u 'n verslag voor te hou wat 'n terugblik sal wees op die tydperk wat ons as huidige bestuur verantwoordelik was om die sake van die Outeniquatak van die Bond te bestuur.

Na 'n baie ongemaklike fase van ons Outeniquatak kon ons met die verkiesing van die nuwe bestuur tydens die Spesiale Algemene Jaarvergadering gedurende Oktober 2024 onmiddellik as bestuur aan die werk spring. Die uitdagings wat ons as bestuur mee gekonfronteer was, het ons oorkom deur harde werk en positiewe denke.

Ons eerste taak was om 'n afsluitingsfunksie te reël wat met groot sukses op 5 Desember by NG Kerk Blanco, George plaasgevind het.

Die volgende funksie is met groot sukses op 3 April 2025 by NG Kerk Moedergemeente Mosselbaai aangebied. Gassprekers: Bejaardesorgfonds Pretoria, AVBOB Hoofkantoor, Pretoria met Piet Stompie Duvenhage as motiveringspreker. AVBOB het ons met R13,000-00 vir die dag geborg.

26 Junie 2025 – wat 'n lekker saamkuier met 'n braai by Blanco kerk deur ons spesialis braaiers wat vir ons reggestaan het.

19 September 2025 – Potjiekos Kompetisie. Ek persoonlik reken dit was die lekkerste kuier vir 2025. Die entoesiasme waarmee ons lede die stalletjies gebou het en die temas laat ons nou nog lag. Ons gaskunstenaar, Blackie Swart van die Blou Kombuis en ons eie Marlene van der Hoven met die saag waartop sy gespeel het, hoendervleis lekker.

Die lede het reeds versoek dat die item elke jaar op die Outeniquatak se kalender moet verskyn, en ons het geluister.

3 Desember 2025 - Kerkafsluitingsfunksie. Wat 'n geleentheid, so mooi aangebied deur ons 2 kapelane, Dawie en Johan. Die bediening van die nagmaal was die hoogtepunt.

Ons as Takbestuur het in geloof dit gewaag om 'n Golfdag aan te bied, wat op 30 Mei 2025 by Mosselbaai Golfklub plaasgevind. Dit was 'n geseënde dag en ons het ons eie verwagtinge by verre oortref. Pryse ter waarde van R30,000-00 is uitgegee en ons het 'n wins van R47,000-00 (sewe en veertig duisend Rand) getoon . Ek dink dit verdien 'n lekker applous om dankie te sê. Ek glo hierdie was nie ons laaste Golfdag wat ons aangebied het nie.

Die Outeniquatak was ook verteenwoordig by die Kongres wat deur die Nasionale Bond se bestuur by Weesgerus aangebied is gedurende Mei 2025. Die kongres is baie positief ervaar met die verkiesing van 'n nuwe bestuur en ons is trots om te kan sê ons kollega Richard Orsmond uit die Wes-Kaap verkies is as Vise-Voorsitter. Die Nasionale Bond gaan ook vir Richard nomineer as kandidaat om te dien op die raad van Trustees van Polmed. Richard het ons ook kom besoek vandag as gas en verteenwoordig die Nasionale Bond tydens ons Algemene Jaarvergadering. Dankie Richard vir wat jy reeds vir ons beteken op die bestuur van die Bond. Sterkte ook met jou gesondheid.

Ek wil ook graag melding maak en die Takbestuur gelukwens met die instelling van 'n Pastorale Sorg inisiatief binne die Outeniquatak. Soos u reeds weet, is oud Kapelaan Dawie Kotze aangestel op ons Takbestuur om die portefeulje te hanteer. Daar was in die afgelope tyd reeds verskeie geleenthede

waar Dawie ons lede besoek en bygestaan het tydens die afsterwe van 'n geliefde of tydens siekte. Saam met die omgee speel Mariaan ook 'n groot rol om ons lede by te staan met die voltooiing van relevante dokumentasie ten opsigte van Polmed en Pensioenfonds (GEPF). Vir die tydperk 2023 tot op hede het Mariaan 22 tuis besoeke afgelê om ons lede by te staan. Die diens word uit liefde en omgee gratis aan ons lede en ook nie-lede gebied. Met die petrolpryse wat nou klaarblyklik drasties gaan styg, is ek nie seker of ons nog gratis by almal gaan kan uitkom nie. Tyd sal ons leer maar help sal ons help.

Ekself en Mariaan ±40 oud kollegas besoek wat deur Bejaardesorgfonds verwys is, dis nou oud lede met ouderdomme 75, 80, 85 en 90. Ek kan nie vir u sê hoe ons oud kollegas die besoeke waardeer nie. Jy moet bly sit en dit is altyd moeilik om te groet. Ons gebruik hierdie geleentheid om ons oud lede te verseker van ons omgee as Bond en as hulle nie 'n lid van die Outeniquatak van die Bond is nie, hulle voor te stel om te oorweeg om aan te sluit.

Ek wil graag spesiale erkenning gee aan Chris Botha wat in ons moeilike oorgangsfase die leiding geneem het om ons op koers te hou. Danksy Chris se leiding kon ons as nuwe span vanaf Oktober 2024 die wa deur die drif trek. Chris baie dankie.

Dan wil ek ook vir Mariaan dankie sê wat by oorname onmiddellik aan die werk gespring het en ons ledelyste soos wat dit vandag is, op datum gebring het, 100% data integriteit kan gewaarborg word. Mariaan baie dankie. Ek en ons bestuur waardeer jou harde en ure lange werk wat jy op 'n voortdurende basis insit as sekretaris en die feit dat jy dit alles gratis verrig.

Vergun my asseblief ook die geleentheid om Annalene Botha in haar afwesigheid te bedank vir die ongelooflike werk wat sy ingesit het om van niks vir ons finansiële state te kon voorberei waar ons letterlik van elke sent kan rekenskap gee.

Ledegeld 2026
As Takbestuur het ons deeglik besin oor ons ledegeld vir 2026 en is daar goedgekeur dat ons ledegeld vir 2026 R100 per persoon sal wees. Lede 80 jaar en ouer is vrygestel van betaling.

Met groot dankbaarheid kan ons rapporteer dat 90 van ons 208 lede reeds hulle ledegeld betaal het. In totaal is ons 252 lede met 44 lede bo 80. Dankie aan die lede bo 80 wat donasies gemaak het. Ons doen 'n beroep asseblief betaal julle ledegeld dan kan ons rustig wees vir die res van die jaar. Ons het 2025 afgesluit met 'n 100% opbetaalde ledegeld .

Ons as Takbestuur is baie dankbaar vir jou reuse aandeel om ons trots te maak en ons finansiële rekords op datum te kon kry. Baie dankie en sterkte aan ons Tesourier, Maretha Henning wat by Annalene oorgeneem het.

Daar moet ook melding gemaak word van ons 3 dames wat verantwoordelik was vir ons funksies en wat altyd gesorg het dat daar kleur verleen word aan ons geleenthede. Baie dankie aan Dossie, Leonie en Ina.

Vriende ek wil ook die Takbestuur in geheel bedank vir hulle positiewe bydrae. Ons het 10 Takbestuursvergaderings gehou in die tydperk Oktober 2024 tot Desember 2025. Al die vergaderings is volgens vergaderingsprosedure gehou met notules wat te eniger tyd beskikbaar gestel kan worde, indien benodig. Ek wil dit graag op rekord plaas dat daar geen finansiële bydrae gemaak is uit ons fondse tydens die vergaderings nie. Alle koste is deur die lede self gedra. Ek sê vir die bestuur baie dankie.

Ons sluit graag af deur vir u die volgende statistiek voor te hou ten opsigte van lede getalle:
Totaal lede op register – 252
Lede bo 80 jaar – 44
Lede jonger as 80 wat ledegeld betaal – 208
Spesiale woord van dank aan ons lede bo 80 wat ere lede is, wat nog ledegeld as donasie betaal.

Ek sluit af met die versoek aan u almal, wees asseblief daar vir mekaar. Nooi u vriend en oud kollega wat nog nie lid is van die Outeniquatak van die Bond nie om aan te sluit, ons het die toekoms van die kosbare Bond in ons hande, ons moet die Bond koester. Daar is nie nog 'n beroep wat so na sy afgetrede lede omsien nie. Kom ons hou nie op om aktief betrokke te bly nie. Vir julle as lede baie dankie vir julle lojale bystand aan die Outeniquatak van die Bond, veral die afgelope tyd.

Laastens dankie aan ons Hemelse Vader wat deur die Heilige Gees ook in ons harte werk om die Bond 'n gerespekteerde instelling te hou.

Groete